

## BRUCELLOSE

# KOMITEE KYK NA AKSIEPLAN

**B**rucellose kan die produktiwiteit van beeskuddes stadigaan wegkalwe. 'n Nuwe komitee van die nasionale Dieregesondheidsforum het 'n dosyn belangrike dinge oor die siekte in 'n inligtingstuk vervat waarvan boere bewus gemaak moet word. Dit is:

- Brucellose is 'n beheerde dieriesiekte ingevolge die Wet op Dieriesiektes (dit moet dus aangemeld word). Dit is 'n chroniese siekte waarvoor daar geen behandeling by beeste is nie.
- Dit is 'n kuddesiekte. As een dier besmet is, moet die hele kudde as potensieel besmet beskou word.
- Die wet maak dit verpligtend om alle verse van vier maande tot agt maande oud eenmalig teen brucellose in te ent met die entstof S19 of RB51 (tabel 2 van die Dieriesiekteregulasies). Inenting help om die kudde teen die siekte te beskerm en verminder die verspreiding van die *Brucella*-bakterieë en die aantal aborsies.
- Indien S19 op 'n later ouderdom toegedien

word, kan die dier aanhoudend positief toets. RB51 kan aan nie-dragtige koeie van enige ouderdom toegedien word. Bulle mag nie met S19 of RB51 ingeënt word nie, aangesien hulle steriel kan raak.

- Besmette verse en koeie kan aborteer, hul melkproduksie en aanwaskoers kan daal weens 'n verlengde tussenkalfperiode, nageboortes wat vassit en baarmoederinfeksies.
- Koeie en verse wat besmet is, lyk dikwels gesond, maar dit is nie so nie. As die siek diere in die kudde bly, versprei hulle die besmetting stilweg, wat ekonomiese en produksieverliese veroorsaak.
- Die belangrikste metode van oordrag is wanneer besmette koeie kalwers kry of wanneer hulle aborteer, aangesien dié prosesse die *Brucella*-bakterieë in die omgewing vrystel, wat maklik ander diere kan besmet.
- Verse van besmette koeie toets dikwels negatief voor hulle kalwers kry en toets eers positief ná hul eerste kalf. Verse wat pas gekoop is, hou 'n hoë risiko in en behoort afgesonder van die res van die kudde gehou te word totdat hulle gekalf het en vir brucellose getoets kan word.
- Mense kan met brucellose besmet word deur onpasteuriseerde melk te drink, 'n besmette koei te slag of die besmette kalfmateriaal van geaborteerde fetusse (kalwers) te hanteer. Algemene simptome by mense is griepierigheid met koors, hoofpyn en liggaamspyn. Indien geen behandeling ontvang word nie, word dit 'n kroniese

siekte wat herhalend toeslaan. Die vleis van besmette diere wat by goedgekeurde abattoirs geslag word, is veilig vir menslike gebruik.

- *Brucella*-bakterieë kan ook deur afloopwater van besmette, naburige plase versprei. Roofdiere, soos rondloperhonde, jakkalse en kraaie, kan ook besmette, geaborteerde fetusse en nageboortes na ander plase dra. Vlieë wat op besmette materiaal voed, kan die bakterieë meganies versprei wanneer hulle op die slymvliese van diere sit.
- Eienaars is verantwoordelik vir hul diere se gesondheid en kan ingevolge die Wet op Dieriesiektes en die Wet op Verbruikersbeskerming vervolgd word as hulle toelaat dat die siekte versprei.
- Die enigste mens wat 'n kudde teen brucellose kan beskerm, is die boer self. Wanneer hy of sy beeste koop, moet hy of sy aandring op inentingsrekords en onlangse kudde-toetse van die plaas van oorsprong. Die verkoper moet in staat wees om te bewys dat die diere ingeënt en die kudde van oorsprong negatief vir brucellose getoets het. Verder behoort die verkoper ook te kan bewys dat die kudde gereeld negatief getoets het. Enige diere wat in die kudde ingebring word, moet eers geïsoleer word. Daar kan hulle getoets word vir siektes en hulle kan teen in- en uitwendige parasiete ingeënt word.

Private of staatsveeartse kan meer inligting oor die siekte verskaf. **LBW**

## PMFSA

## Nuttige gids oor bestuur van roofdiere nou op web

**D**IE splinternuwe roofdierbestuurshandleiding van die roofdierbestuursforum (PMF) is nou op die webwerf [www.pmf.co.za](http://www.pmf.co.za) beskikbaar. Die handleiding is 'n alles-in-een-gids om boere te help om hul roofdierprobleem op hul plaas binne die raamwerk van die provinsiale en nasionale omgewing te bestuur.

Die PMF is gestig om inligting te verskaf oor roofdiere wat veeboere baie skade besorg.

Die webwerf verskaf riglyne en raad aan boere om roofdiere op die mees omgewingsvriendelike manier, oftewel geïntegreerd, te bestuur.

Dr. Gerhard Verdoorn, hoof van die Griffon-gifinligtingsentrum en kampvegter vir volhoubare voedsel- en veselproduksie in die konteks van ekologies aanvaarbare praktyke, is 'n kenner wat op die webblad onder die hofie "Ask the Expert" antwoorde verskaf. Hy sal die beste ekologies aanvaarbare bestuurstegniek aanbeveel om probleme te bowe te kom.

Hy gee onder meer raad oor hoe om 'n rooikat in die Overberg te vang, hoe om 'n vanghok vir 'n enkellopende, ou, strandwolfmanneling te stel en of grondboontjebotter gebruik kan word vir 'n rotteplaag. Verdoorn is ook die aangewese kenner om na boere se dilemmas te luister.

## AMPSDRAERS VERKIES

Dr. Pieter Prinsloo van die Oos-Kaap en mnr. James Faber van die Noord-Kaap is op die jongste vergadering van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) tot onderskeidelik eerste en tweede ondervoorsitter van die nasionale organisasie verkies. Mnr. Koos van der Ryst is op die kongres in Augustus as die nuwe voorsitter verkies. Prinsloo is ook op die jaarvergadering van die SA Federasie van Rooivleisprodusente (bestaande uit verteenwoordigers van die RPO en Nerpo) tot voorsitter verkies, terwyl pastoor Paradise Mahlangu die ondervoorsitter is.



Mnr. James Faber



Past. Paradise Mahlangu



Mnr. Pieter Prinsloo